**BYLAAG E**

# Noordelike Sinode

# Taakspan Vroeë Kinderontwikkeling

## Samevattende verslag aan die SDR
## 24 Junie 2026

## 1. Opdrag

Om in samewerking met die CMR die werk wat ‘n vorige taakspan gedoen het, verder voort te sit.

## 2. Taakspan

Taakspanleier: Ronél Aylward (In samewerking met die CMR)
Taakspanlede: Johan Erasmus, Judy van Heerden, Marie-Jean Brink, Liesel Ebersohn, Rehan Rheeder, Paul Grobler (ampshalwe).

## 3. Uitvoering van die opdrag

Daar het geen vergaderings na 8 Oktober 2026 plaasgevind nie. Die taakspan het egter ‘n jaareindegeselligheid gehou op 21 Januarie 2026 aan huis van Dr. Johan Erasmus.

CMR Noord het tydens hul jaarlikse strategiese beplanning spesifiek daaraan aandag gegee om die projek te inkorporeer en die Noordelike Sinode VKO program is ‘n staande item op die agenda van die bestuurs-, beheerraads- en personeelvergaderings.

CMR Noord het reeds die volgende aksies geneem in terme van die program:
NG Messina is genader. Hulle is baie positief oor betrokkenheid by die Voorskoolse Ontwikkelingsentrum wat deur ‘n eksterne party op die kerkperseel bedryf word en gebasseer op die handleiding wat deur die taakspan beskikbaar gestel is.
URCSA het ook aangedui dat hulle belangstel in die projek en die maatskaplike werker by CMR Noord se Louis Trichardt Sentrum van Hoop is besig om hieraan aandag te gee.
Een van die maatskaplike werkers in by CMR Noord se Warmbad Sentrum van Hoop het ‘n behoeftige voorskoolse ontwikkelingsentrum in Warmbad geïdentifiseer en NG Warmbad Moedergemeente het aangedui dat hul by genoemde sentrum betrokke wil raak.

Ander CMR Noord Sentrums van Hoop het reeds behoeftige sentrums geïdentifiseer en is in die proses om na gemeentes uit te reik.

## 4. Aanbevelings

4.1. Dat gemeentes sal deelneem aan die "Adopt-a-preschool" program en die kundigheid van die taakspan in hierdie verband sal benut.

4.2. Dat CMR Noord Sentrums van Hoop voortgaan om gemeentes te nader en bewus te maak van die behoeftes van Voorskoolse Ontwikkelingsentrums in hul omgewing en betrokkenheid by hierdie sentrums fasiliteer.

4.3. Samewerking met die Wes Kaap Sinode (Little Seeds) ten einde die implementering van die program so wyd as moontlik te bevorder.

## 5. Slotwoord

Die VKO Taakspan is dankbaar vir die werk wat gedoen kon word oor Vroeë Kind Ontwikkeling en sien daarna uit om gemeentes in hierdie verband by te staan om hierdie uiters belangrike aspek van Diens van Barmhartigheid te bevorder. Ons kinders (en hul versorgers) is ons toekoms en speel 'n baie belangrike rol in van die Koninkryk van God. Dit is vir ons 'n voorreg om op hierdie manier in die Kerk en in die Here se diens te staan.